











**VRYDAG**
23 Februarie 2024

Volg ons op Facebook (@067triangle)
Stuur 'n e-pos na 067triangle@gmail.com

# oh!sixseven
central northern areas

### Otji se boeretroos-fabriek

"Ek het 'n passie vir koffie en ook om mense van koffie te leer.

Ek doen graag 'cupping' (koffie-proe) saam met mense om hulle die fyner smaak van koffie te leer."

So gesels koffiemeester Albert le Roux oor sy koffiefabriek, Le Roux Brew CC, wat onlangs op Otjiwarongo gevestig is. "Of jy strate vee of burgemeester is, hier kry elke kliënt persoonlike aandag. Ek of my vrou maak self die koffie of broodjies, met liefde."

By Le Roux Brew word die heerlikste koffie gerooster van bone uit Brasilië, Ethiopië en Uganda.

Na bladsy 3



### Terug in sy heimat vir aftrede

# Roemryke Highland Joe

**Ná 'n roemryke loopbaan waartydens die saalperd Highland Joe vier keer as die Suid-Afrikaanse Grootkampioen aangewys is en verskeie ander kampioene geteel het, gaan hy nou aftree.**

Die ou man is tuis. En dít in die mooi van die Mieliedriehoek – ook sy heimat.

Die uitsonderlike saalperd, nou 21 jaar oud, behoort aan die teler Johan Pretorius wat net buite Grootfontein boer. Johan skou reeds sedert 1974 met perde op Grootfontein.

Highland Joe spog ook met 'n ewe roemryke nageslag waaronder Ultimate Joe - wat ses jaar lank die Suid-Afrikaanse Groot-

Na bladsy 2

# This is monster edition of 12 pages!

*Thank you to our loyal advertisers who are growing Oh!SixSeven. Thank you for those who inspire the 067-valley with their beautiful stories.*

***Soli Deo gloria.***



# Highland Joe...

Vanaf bladsy 1

kampioen was – en baie van sy ander vullens wat ook as kampioene gekroon is.

"Ons wil hom graag vanjaar tydens Grootfontein Landbouskou amptelik aftree. Dit was hier waar hy sy eerste vertoning gedoen het en ook hier waar ons hom 'n laaste keer wil uitspan," sê Pieter Burger, wat na homself as die "nie amptelike, inwonende afrigter" van Johan se Magic-Model Saalperdstoet verwys.

Pieter sê Johan is sy mentor, maar ook 'n beste vriend wat saam met hom oor Highland Joe droom en vir wie hy tans 'n paar belowende jong perde ontwikkel.

Dit was ook Pieter wat verlede jaar vir Highland Joe in Suid-Afrika gaan haal het waar hy die afgelope 16 jaar in die bekwame hande van onder meer die perde-afrigter Paul Coetzer was.

Op 29 November het Joe veilig op die plaas Ohama buite Grootfontein aangekom. "Perde vergeet nie," antwoord Pieter op die vraag of Joe sy huis onthou. "Dit gaan baie goed met hom," sê Pieter.

## Roemryke loopbaan

Highland Joe is op 29 April 2002 met 'n plooi-vel gebore, amper soos die van 'n swakara skaap. Die vel is kenmerkend aan die vullens wat sy pa, Coronato Kings Highlander, geteel het.

"Dit was van die begin af duidelik dat hy uitsonderlik is," het Johan aan die tydskrif *The International Show Horse* in 2011 gesê. "Hy was anders as waaraan ons gewoond is. Hy het uitgestaan onder die jaar se vullens – nie net oor hoe hy lyk nie, maar ook wat sy maniere betref."

## Joe se ouers


Johan het Joe se pa jare gelede vir R50 000 by die Suid-Afrikaanse teler Giel Pienaar gekoop.

Coronato was uitsonderlik vir sy tyd, het besonderse vullens gelewer en was self vol beweging, met 'n uitstekende temperament. Joe se ma was die ewe uitsonderlike merrie Call me Godiva, wat aanvanklik aan Sakkie Smit behoort het en 'n sagte temperament gehad het.

Johan het in September 2006 die eerste keer met Highland Joe op Grootfontein geskou, waar beoordelaar George Borcherds gesê het dat die saalperd "uitsonderlik mooi" is en dat hy toe al geweet het Joe is spesiaal.

## Prestasies

Onder die afrigter Paul Coetzer se bekwame hande was Joe in 2007 dié ster op Bloemfontein se skou. In 2008 maak Joe sy vyfde verskyning in die skouring en word hy as die Suid-Afrikaanse Siertuigkampioen gekroon – met Paul agter die leisels.




In 2010 ervaar Joe 'n terugslag met 'n heupbesering en kom hy derde in die Nasionale Siertuig-kampioenskappe. Selfs tydens 'n moeisame pad na herstel verower Joe in dieselfde jaar die titel vir reserwe kampioen tydens die Parys Kersfeesfees.

In 2011 is Joe terug met mening by die Suid-Afrikaanse Nasionale Kampioenskappe: Hy herwin sy regmatige plek as die Suid-Afrikaanse Siertuig-kampioen – met beoordelaars wat eenparig op hom as die wenner besluit het.

## Nog roem

Daarna volg verdere groot roem vir Joe, wat insluit dat hy weer in 2016 op Bloemfontein as die Suid-Afrikaanse Grootkampioen aangewys word, met afrigter Paul Tau agter die leisels. Ten spyte van verskeie aanbiedinge om Joe te koop, wou Johan niks daarvan weet nie.

Tans tree Joe af aan die sy van 'n paar uitgesoekte merries, terwyl Pieter hom voorberei vir sy laaste amptelike vertoning – 'n aftreeseremonie waartydens eienaar Johan self die leisels sal vashou.

VACANCY:

1. ASSISTANT: MAINTENANCE MANAGER
2. PRODUCTION MANAGER PROCESSING

*Namib Poultry, an equal opportunity employer invites interested and qualified candidates looking for an exciting career in the FMCG industry to apply for the following position*

*Please visit www.npi.com.na for a detailed outline of the relevant advertisement. A short CV with supporting documents should be forwarded to **hrsalaries@npi.com.na** (not larger than 2MB).*
***Only shortlisted candidates will be contacted.***

CLOSING DATE FOR APPLICATIONS: 04 MARCH 2024

NAMIB POULTRY

# Otji se boeretroos-fabriek...

Vanaf bladsy 1

"Oor die proses kan ons nie te veel uitlap nie, maar ek glo die humiditeit en hoogte bo seevlak, metode van rooster en die meng van ons koffie maak dit uniek in die wêreld," vertel Albert.

### 'n Fabriek

Le Roux Brew is egter 'n koffiefabriek en nie 'n koffiewinkel nie, verduidelik hy. "Alhoewel ons koffie met ligte etes bedien, is ons hoofdoel om koffie te rooster en om koffie-winkels, lodges, restaurante en hotelle van koffie te voorsien.

Dit sluit in enige koffie-masjiene, -toerusting en -toebehore wat nodig mag wees om koffie aan hul gaste te bedien."

Hoekom op Otjiwarongo?

Otjiwarongo is op baie van die hoofroetes van en na die noorde, kusgebied, sentrale Namibië en suide geleë."

Albert vertel hy het in 2020 na Otjiwarongo verhuis en in 2022 "die stap van geloof geneem" om die fabriek te registreer. Sy banklening is toegestaan en Le Roux Brew CC kon sy deure oopmaak.

"Ons het alles bestel wat nodig was en die res self gebou. Dit sluit in die rakke, tafels, stoele en toonbanke.

Waar het die liefde vir koffie vir Albert begin?

"In 2006 het ek alkohol opgegee en begin koffie drink. My koffierekening was so hoog, ek moes koffie begin bemark om sodoende korting op die koop van hoër hoeveelhede te kry.

Ek het vir *Cafe da Pino* in Wynberg, Johannesburg koffie bemark.

Elke keer as ek koffie gaan haal het, het ek gesien hoe koffie gerooster word. Sedert 2012 het ek gebid en gevra vir die guns van God om ons eie koffieroostery te laat realiseer.

### Troue

Albert sê alhoewel hy aanvanklik die avontuur alleen aangepak het, versterk sy wederhelfte nou sy hand met haar heerlike beskuit en kos.

"Le Roux Brew was aanvanklik nie 'n familie-onderneming nie. Eers was dit net God en ek, maar in Augustus 2023 het ek en Ronel getrou - hier in die koffiefabriek.

"Pastoor Peter Diekman, die president van die CMA (Christian Motorcyclists Association Namibia) het ons getrou," vertel hy.



Le Roux Brew CC se koffie.

### Produkte

Albert sê Le Roux Brew verkoop koffie, maar ook alle koffietoerusting en masjiene. Hulle verkoop verder HABA Sauces wat in Usakos gemaak word – 'n baie unieke peri-peri sous met 'n habanero-basis. "Ons bemark ook vars bokmelk van die Cheetah Conservation Fund (CCF), 40 km buite die dorp."

Hy sê Le Roux Brew se koffie word ook op Hentiesbaai by Stefaans se Hartland verkoop. "Tans is dit slegs by Food Lover's Market in Windhoek op die rak. Ons koerier dit egter oral heen.


"When you support a small business, you're supporting a dream," sê Albert.

**Le Roux Brew se addres is 15, Dr. Libertina Amathila-straat in Otjiwarongo.**

**Volg die koffie-fabriek op Facebook of kontak hulle by 081 7969 163 of stuur 'n e-pos na sales@lerouxbrewcc.net.**



Ronel en Albert le Roux van Le Roux Brew CC.



Almal is welkom om van die fabriek se koffie te proe.





**Rent a vehicle today with unlimited km, low excess deposit fees payable. Terms and conditions apply.**

*Looking for a car rental in Mariental?*

*Look no further, as A-Grid has a solution for you!*

**Contact us today for a quote:**

**www.agridcarsandrentals.com 264 67 30 4053 info@agridcarsandrentals.com/ reservations@agridcarsandrentals.com**

# Groete uit China

**Hy woon en werk in China, maar kom kuier gereeld in sy heimat. Hoe is dit om in die buiteland te woon en te werk? Oh!SixSeven gesels met Gerhardus du Preez oor sy ervaringe.**



Gerhardus du Preez. Foto verskaf.

**Vertel ons van jou grootwordjare?**

Ek is in Tsumeb gebore en was op Grootfontein van kleuterskool af tot matriek: P.S.W.N en Grootfontein Sekondêre Skool (en baie trots daarop). Ek was bevoorreg om fantastiese onderwysers te hê.

Ek het ook van my skoolopset gehou omdat dit my aan soveel diversiteit in terme van kulture en mensetipes blootgestel het.

My ouers het ons baie na aan die natuur grootgemaak, so droë gras, stinkmier en donderstorms is goed wat my van kindsbeen af prikkel.

En natuurlik, die geskreeu van fisante is vir my 'n hartsklank. Vandag besef ek ook wat se suiwerende effek ons omgewing op die siel het.

**China is 'n ander wêreld. Hoe (oor)leef 'n Namibiër daar?**

China is 'n plek waar daar 365 dae van die jaar opwinding is. Daar is altyd iets nuuts of iets snaaks.

Die mense is definitief die mees gasvrye mense wat ek al ontmoet het. Ek het wonderlike Chinese vriende gemaak.

Die kos is heerlik en baie gesond.

My cholesterol het sonder moeite genormaliseer. Die vinnigste manier om aan te pas is om die taal aan te leer.

My Mandaryn is net genoeg om te oorleef, maar ek woon steeds klasse by en probeer dit op algemene gespreksvlak kry. Ek dink ook dit baat die aanpassingsproses om so gou as moontlik die kulturele merkers te leer ken en met 'n verskeidenheid plaaslike mense te meng. Maak plaaslike vriende!

**Vertel ons van jou loopbaan?**

Ek het Taal en Kultuur studeer aan die Universiteit van Stellenbosch, gevolg deur nagraads in Engelse Middeleeuse Letterkunde.

Ek het deeltyds werk vir die Universiteit gedoen terwyl ek studeer het. Daarna begin as hoërskool onderwyser by staat- en privaatskole. Ek het dit baie geniet om skool te hou (ek dink tog dit is my geheime passie). Ek het goed oor die weggekom met my leerlinge en kollegas. Op 'n stadium het ek besef ek wil ander werkstrukture en omgewings beleef. Die akademie het ek ook begin mis. Ek was nie seker wat om te doen nie, en China was 'n opsie. Sonder om te veel te dink het ek 'n werk daar aanvaar in 'n taalsentrum vir besigheidsdoeleindes. Toe ek my voete gevind het, het ek begin aansoek doen vir poste by universiteite tot ek een gekry het.

Ek werk baie lekker, geniet die uitdagings en leer baie in die proses.

**Jy kom gereeld Grootfontein toe – beskou jy dit steeds as jou huis?**

Hierdie is 'n moelike een. Ek geniet dit baie om 'huis' toe te kom en vir my ouers en vriende te kuier. Ons gesin is baie na aan mekaar en ek mis my vriende hier. Die ding is, omdat die toekoms onvoorspelbaar is, moes ek ter wille van 'n gesonde kopspasie my omgewing in China as 'huis' aanvaar. Anders hang jy die heeltyd in die lug.

Dit verminder nie my affiniteit met Grootfontein-omgewing en die huislikheid wat ek daaraan koppel nie. My werk, ruimte en funksionele spasie is tans in China. So ek beskou dit as my huis, vir nou. Ek kuier ten minste een keer 'n jaar op Grootfontein vir ses weke (ek was gedurende COVID vir drie jaar hier vasgevang – gelukkig kon ek die heeltyd aanlyn werk en klasgee).

In die verlede het ek al draaie op ander plekke gemaak, maar ek moet kom pap en wors eet. So ek probeer altyd so bietjie Noorde Namibië inwerk.

**Jou raad aan jonges wat ook eendag oorsee wil studeer, woon en werk?**

Eerstens, begin op skool al aan jou toekoms werk. Bereik jou volle potensiaal so gou as moontlik en gebruik dit as hoekstene om vorentoe te bou. Die kompetisie raak al hoe moeiliker in die buitewêreld. Dit is rêrig 'n geval van 'oorlewing van die sterkstes'. Tweedens, besef dat jou kultuur, geloof en oortuigings 'n realiteit vir jou as individu is en nie die wêreld se realiteit nie.

Respekteer en aanvaar mense vir wie hulle is en nie wat jy wil hê hulle moet wees nie. Verskille in mense dra by tot ryk lewenservarings - wees ontvanklik daarvoor.

# 2024 KALKFELD

# AGRI MEGA DAY

## WATER AND FEED - SCARCE RESOURCES : LISTEN, LEARN AND MANAGE

### SATURDAY 13 APRIL

7:30 Opening & welcome
7:45 Main sponsor
8:00 Stalls & demonstrations
11:00 Water info session.
12:00 Lunch
13:30 Prickly Pear (Turksvy) info session.
14:30 Stalls & demonstrations
18:30 Dinner
19:30 Entertainment & music

Kinderpark and Boeremark along with Target Shooting is available throughout the day.

**Register online at www.agrimegaday.com**

or Call +264 81 149 9228
Farm Klein Otjikango Ost on M63 Outjo/Kalkfeld road - Fly-in Coordinates: Lat: -20.5868 Long: 16.1941


DEMO
clearance
sale
NOVEL
NOVEL FORD
GROOTFONTEIN
SALES TEAM:
HELEEN 081 654 5365
RONALD 081 870 7554
USED FORD ECOSPORT 1.5
AMBIENTE 6AT
MODEL: 2022 | 14,000 KM
FACTORY FITTED WITH: 16" ALLOY BLACK WHEELS
SPECIAL BLACK EDITION, SERVICE PLAN
WAS N$ 324,900
NOW N$ 299,900
SAVE N$25,000
NEXT-GEN FORD RANGER
XL 2.0SIT 6AT 4X2 SINGLE CAB
MODEL: 2023 | 5500 KM
FACTORY FITTED WITH: XL UPGRADE PACK 3
FULL MAINTENANCE PLAN
WAS N$ 529,900
NOW N$ 499,900
SAVE N$30,000
NEXT-GEN EVEREST 3.0 V6 WILDTRAK
10AT 4WD SUV 184KW
MODEL: 2024 | 6000 KM
FACTORY FITTED WITH: 18" ALLOY A/T WHEELS
FULL MAINTENANCE PLAN
WAS N$1,164,500
NOW N$1,064,500
SAVE N$100,000
NEXT-GEN FORD RANGER 2.0BIT XLT
10AT 4X4 D/CAB 154KW
2023 MODEL | 13,000 KM
FACTORY FITTED WITH: REAR BOX STEP, XLT UPGRADE PACK 6,
CARGO MANAGEMENT, FULL MAINTENANCE PLAN
WAS N$847,900
NOW N$799,900
SAVE N$48,000
Ford
#novelfordgrootfontein

or **STUNNING** brand new one's

## NEW FORD PUMA 1.0L ECOBOOST ST-LINE VIGNALE 7 SPEED AUTOMATIC



**MODEL: 2024 | BRAND NEW**

FACTORY FITTED WITH: DRIVER ASSISTANCE PACK STYLING PACK, FULL MAINTENANCE PLAN

**WAS N$663,900**
**NOW N$599,900**

**SAVE N$64,000**

## NEW NEXT-GEN FORD RANGER 2.0BIT XLT 10AT 4X4 SUPER CAB 154KW



**MODEL: 2024 | BRAND NEW**

FACTORY FITTED WITH:
XLT UPGRADE PACK 4, CARGO MANAGEMENT
FULL MAINTENANCE PLAN

**NOW N$753,900**

## NEW NEXT-GEN FORD RANGER 3.0 V6 WILDTRAK 10AT 4X4 D/CAB 184KW



**MODEL: 2024 | BRAND NEW**

FACTORY FITTED WITH:
POWER ROLLER SHUTTER
CARGO MANAGEMENT
18" ALLOY RIMS, FULL MAINTENANCE PLAN

**NOW N$1,071,000**

## NEW FORD RANGER 2.0BIT WILDTRAK X 10AT 4WD 154KW



**MODEL: 2024 | BRAND NEW**

FACTORY FITTED WITH: FLEXI RACK
RAPTOR SIDESTEPS, FULL MAINTENANCE PLAN
PURPOSE BUILT BILSTEIN SUSPENSION
ALL TERRAIN GRABBER TYRES ALLOY RIMS

**WAS N$1,092,900**
**NOW N$1,067,900**

**SAVE N$25,000**

Ford

#novelfordgrootfontein

SALES TEAM:
HELEEN 081 654 5365
RONALD 081 870 7554

# Wine & cheese tasting at The Farm Shop

**On the 2nd of March, Ulf and Usia Jarish from the farm Leslie will be hosting an exciting wine and cheese tasting, fun day with cosmetic stalls, horse and pony riding and live music. And, of course, the braai is on. At their 'Farm Shop' just outside Grootfontein, they are actually pulling together a community of local producers to provide truly Namibian-produced farming products to the public."**

### Sucess story

The Farm Shop Grootfontein: A new business in the area and already a success story.

Well, success doesn't come out of the blue sky; it involves a lot of hard work along the way. There's a significant amount of learning from mistakes and a continuous process of improving on the things that went well. We guess that's the way businesses and communities can grow.

### Background

Together with his wife Usia, Ulf bought Farm Lesly just outside Grootfontein in August 2021. Since then, both have embarked on a remarkable journey.

First, the couple planted nearly 1 000 fruit trees and set up shade nets to start with organic vegetable production. The trees are growing very well, and in 2025, the couple is expecting the first harvest in citrus production. Papayas and Papinos already bear fruits.

### Farm gate price

One of the marketing strategies involves keeping local people updated on what's ready to harvest and, of course, offering the very attractive farm gate price to attract customers.

The products are freshly harvested in the morning and delivered to town before lunchtime.

### Organically produced

More and more people in Grootfontein are becoming aware of the side effects of chemically overdosed products and are appreciating the organic products offered.

Ulf says: "We are what we eat. Many common public health issues are caused by the side effects of chemicals and hormones used in food production.

"We consume these without having a clue about what is in the products we buy in supermarkets.

"In my opinion, organically grown fruits and vegetables are not only healthier but also tastier."

### Hospitallity

Since the beginning of 2023, the development has extended to the hospitality side of the farm.

Now, the Farm Shop offers accommodation and hosts events such as weddings, business meetings, and any kind of social gathering.

The restaurant with a bar is a perfect place to enjoy a freshly cooked meal with family or friends.



All events are individually tailored to fulfill your requests and make your special event an unforgettable experience.

The Farm Shop now has four double bedrooms and an apartment available.

If you would like to see more pictures and prices, please visit booking.com and search for The Farm Shop, Grootfontein. You will find lots of information.

A perfect, quiet, and peaceful place just 10 minutes away from town by car.

Any questions are welcome; feel free to address them to Ulf and Usia. The couple will do their best within their abilities to fulfill your expectations.





# The Farm Shop

# Wine & Cheese Tasting & more

## Cosmetics Make Up, Finger Nail Art

## Local Products at the Market Food and drinks

**0817237388**

## 2nd March 2024

**Thonningii Wine Cellar**

**Offers the best out of last years harvest & classics**



**Bergland Dairies offering the best Cheese and will surprise you with New Creations.**



**Please Book a Ticket N$120**


**Bookings for Oh!SixSeven readers will receive 20% discount on food and selected offers**

**Bookings needs to be done before the 29th February**

## Live music with Wimpie Heath

**Mardi Horn**

**Offers: Derma planning and Henna brows**



**We have Beatha, as a Professional Photographer.**

**She can take pictures from you with your New Make-Up and New Fingernails. Posing on a Tractor or on a Horse or in front of a Farm setting.**


**Horse Riding**

**for Adults and Children with Chahanic Horse Adventures**



# OZONE

*Ozone, a natural and safe immune system booster and a proven topical treatment alternative!*



Ozone therapy has been proven to effectively clean burn and scald wounds, accelerate wound healing, and has great potential as an analgesic, anti-aging, and anti-tumour agent.

**We stock a range of topical Ozone products for the treatment of:**

- Acne
- Rash
- Eczema
- Psoriasis
- Scarring
- Candida / Thrush
- Sores
- Burn and Scald Wounds
- Chronic Ulcers

**Animal immune-boosting and anti-inflammatory treatments also available on request.**

**Pieter Burger 081 731 0888**




# NORTHERN ARMS + AMMO

NORTHERN ARMS + AMMO GROOTFONTEIN

**GROOTFONTEIN** - P.O. Box 1185, Grootfontein, Namibia
26 Sam Nujoma Drive • Tel/Fax: +264 (0)67 - 243 469
E-mail: naa@iway.na

**RUNDU** - Shop 11 • Mangetti Mall • Tel/Fax: +264 (0)66 - 256 669

**YOUR ONE STOP HUNTING AND OUTDOOR SHOP**

**Supplier of:**

- ERDVARK
- landini
- DROTSKY
- JUPIDEX
- KUHN
- KRONE
- FIELDKING
- RovicLeers
- HARDI
- MONOSEM
- RADIUM
- McCORMICK
- Burquip
- SOUTHTRADE



# Calender of events

Want to publish your event free of charge? Send all details by the 20th of the month to 067triangle@gmail.com.




**24 February 20242024**
Gimmie Gholfdag Tsumeb
Niki Roberts live, Maroela

**28 February 2024**
Moo-wiese veiling, Agra-veilingskrale, Grootfontein

**29 February 2024**
Goedegoop School, Otjiwarongo: Fundraiser for Karnallies - Pancake Day. Order before 27th February.













